## Lees meer oor die skikkingsooreenkoms tussen DLC en Meta en wat dit vir SA slagoffers beteken.

In Julie 2025 het die Digital Law Company (DLC) in Suid-Afrika ’n saak teen Meta (die moedermaatskappy van Facebook, Instagram en WhatsApp) aanhangig gemaak weens die verspreiding van aanstootlike inhoud waarin Suid-Afrikaanse kinders op Meta se aanlyn platforms betrek word. Die regstappe het ten doel gehad om kinders teen digitale uitbuiting te beskerm en om aanspreeklikheid deur Meta af te dwing. Die Johannesburgse hooggeregshof het ’n hofbevel uitgereik waarin Meta beveel is om spesifieke WhatsApp-kanale en Instagram-profiele te verwyder, oortreders te blokkeer om nuwe rekeninge te skep, asook om inligting wat oortreders identifiseer aan die DLC te verskaf. Meta het aanvanklik versuim om aan die hof se riglyne te voldoen waarna DLC verdere regstappe gedoen het. Daar is uiteindelik ’n skikkingsooreenkoms bereik waarin Meta onderneem het om aanstootlike rekeninge permanent te verwyder indien tegnies moontlik. Meta het verder ingestem om intekenare se inligting wat aan meer as 60 rekeninge gekoppel is, bekend te maak om slagoffers en hul families te ondersteun indien hulle regstappe teen die oortreders wil instel. Die DLC en Meta het ook ’n direkte noodlyn ingestel in ‘n poging om optrede ten opsigte van kinderbeskermingsverslae te versnel.

Die Digital Law Company onder leiding van Emma Sadleir, eienaar en direkteur van die maatskappy, het hierdie ooreenkoms verwelkom en beskou dit as ’n stap in die regte rigting. In reaksie hierop het Rorke Wilson van die DLC gesê dat hulle vol hoop is dat hulle in die toekoms hierdie multinasionale groepe aanspreeklik kan hou, veral ten opsigte van die “massaverspreiding van onwettige materiaal van kinders aan ongeïdentifiseerde WhatsApp- en Instagramprofiele”. Emma Sadleir, het op haar beurt die inhoud as “kwaadwillig, afskuwelik, aanstootlik, en onwettig” beskryf en dat dit ’n “onbeskryflike uitwerking sal hê op die aantal kinders wat daardeur geraak sal word”.

**Wat dit vir Suid-Afrikaanse slagoffers beteken:**

- Dit versterk die slagoffers se posisie deurdat dit potensieel die gaping tussen skadelike aanlyn aktiwiteite en die vermoë van slagoffers om inligting te bekom en oortreders volgens die regstelsel te vervolg, oorbrug.
- Vinnige intervensie is strategies van belang en kan verhoed dat hierdie platforms verdere gehore opbou en ongewenste materiaal wyd versprei. Waar kinders uitgebuit word, kan hierdie vinnige optrede net so belangrik wees as die uiteindelike vervolging.
- ’n Deurslaggewende presedent vir aanlyn aanspreeklikheid is in plek gestel om Suid-Afrikaanse kinders teen skade op digitale platforms te beskerm.

Belangrik om te onthou: Die stryd teen aanlyn uitbuiting kan nie verslap word nie, want die tegnologie en die metodes wat aangewend word om skade te berokken, verander deurlopend. Verder het Meta slegs ooreengekom om skadelike materiaal en rekeninge te verwyder indien dit tegnies doenbaar is. Die doeltreffendheid van die ooreenkoms sal daarom afhang van voortdurende afdwingbaarheid, die identifisering van nuwe rekeninge, samewerking met wetstoepassers en Meta se vermoë om te reageer namate oortreders tusssen platforms beweeg of nuwe metodes ontwikkel.

Nietemin het hierdie hofsaak en uiteindelike skikkingsooreenkoms daarvoor gesorg dat die gaping tussen die regstelsel, die slagoffers en ‘n groot sosialemediaplatform geskep is om vinniger resultate te bewerkstellig. Die werklike toets sal wees of dit op die lange duur volhoubaar gaan wees om kinders te beskerm en bewyse te beveilig sodat dit in potensiële hofsake gebruik kan word.